Nuusbrief 180

10 September 2012

Geagte Lede,

"Wenslys"

By die onlangse Uitvoerende Komiteevergadering is daar besluit dat ons SAWPA-lede sal versoek om voorstelle in te dien aangaande projekte waarby lede graag wil sien dat SAWPA betrokke moet raak, insluitende navorsingsbehoeftes, bevorderingsgeleenthede, en maatskaplike verantwoordelikheidsprojekte. Een voorstel wat reeds oorweeg word is vir SAWPA om by te dra tot die verskaffing van energie-doeltreffende hout verbrandingsoonde wat onder informele spyseniersbedryf versprei sal word. U sal onthou dat ons in vorige nuusbriewe verslag gedoen het oor 'n studie wat deur UCT in stedelike en randgebiede gedoen is oor die voorkoms van, en blootstelling aan, houtverduursamingschemikalieë deur die brand van oorskot en verwerkte houtafval wat geaas word van boupersele en afvalhope af. Hierdie voorstel, tesame met waarskuwingsbrosjures wat tans deur SAWPA ontwikkel word wat spesifiek gemik is op die informele spyseniers, sal hopelik bydra daartoe dat sulke afvalhout nie voortaan gebruik sal word vir hulle vure nie. Stuur julle voorstelle vir die wenslys aan SAWPA sodat ons die lys kan opstel en so gou moontlik werk daarvan kan maak om prioriteit projekte te identifiseer.

Nuutste Loon Ooreenkoms

Die nuutste loonooreenkoms vir die Saagmeulsektor (waarbinne ons ressorteer na 'n CCMA bevinding gemaak in 2009), is geteken op die 17de of Augustus 2012. Die ooreenkoms is terugwerkend vanaf die 1ste Julie 2012 tot die 30ste Junie 2013. Opsommend is daar ooreengekom dat lone deurgaans met 7% sal verhoog en dat die minimumloon nou vasgemaak is op R 1 910.00 per maand. Die ooreenkoms gee ook detail oor die ander diensvoorwaardes waaroor ooreengekom is, soos skoftoelaes, verlof, jaarlikse bonusse, ens. 'n Volledige weergawe van die ooreenkoms kan by SAWPA aangevra word en is ook beskikbaar op die SAWPA webtuiste by die volgende skakels: "Information">"Topical and Safety Issues", en dan onder "…information on the Bargaining Council for the Wood and Paper Sector", klik op "Substantive Agreement …..".

Kreosoot invoere – Waak teen

Lede sal bewus wees van verskeie aanbiedinge van ingevoerde kreosoot wat in die bedryf gemaak word met die doel om die tekorte wat daar is te vul. Enkele van die maatskappye het met SAWPA kontak gemaak en ons het hulle ingelig oor die wetlike vereistes t.o.v. die goedkeuring van hulle kreosoot in die plaaslike mark, i.e. voldoening aan en sertifisering volgens SANS 616, en die registrasie by die Registrateur van Wet 36 van 1947. Ons wil egter ons lede waarsku dat daar seker gemaak moet word dat enige "nuwe" kreosoot wat aangebied word ten volle voldoen en dat die nodige stawende dokumente daarmee saamgaan. Ons is ook bewus daarvan dat daar al verskeie monsters aangebied is vir aanvanklike toetsing en dat die oorweldigende meerderheid van die monsters nie voldoen aan die vereistes van SANS 616 tipe kreosoot soos vereis nie. Neem ook kennis dat indien enige monster die aanvanklike voldoeningstoetse slaag, die toetsverslag slegs op daardie spesifieke monster wat getoets is van toepassing is en niks anders nie, tensy die verslag dit duidelik stel dat die monster verteenwoordigend is van 'n spesifieke besending en bemonster is deur 'n onafhanklike, neutrale en betroubare derdeparty. Toetsverslae verwant aan enkel monsters laat nie die houer van die verslag toe om kreosoot te verskaf nie.

Dolphin Bay Chemicals sluit aan by SAWPA

SAWPA kondig met blydskap aan dat Dolphin Bay op die 1ste September 2012 as chemise vervaardigerlid by SAWPA aangesluit het. SAWPA het nou 100% (5/5) van die houtverduursaming chemikalieëverskaffers in Suid-Afrika as lede. SAWPA verteenwoordig ook 72% (85/118) van die plaaslike verduursamingsaanlegte.

Transnet kyk na groter deel van die landboumark

By ‘n onlangse Agri-besigheidsindaba het Brian Molefe, CEO van die staatsbeheerde vervoermaatskappy Transnet, bekend gemaak het dat Transnet ‘n nuwe besigheidseenheid gestig het met die fokus op die landbousektor. Die nuwe eenheid, wat binnekort operasioneel sal wees, sal halwe treinvragte konsolideer by spesifieke punte op die spoornetwerk. Die doel is om punt tot punt dienslewering te verbeter. Transnet vervoer tans omtrent drie miljoen ton landbouprodukte per spoor, vergeleke met die nege miljoen ton ‘n jaar in 1994. Die eenheid beoog om homself so te posisioneer om teen 2041 sowat 130 miljoen ton van die toekomstige landbou behoefte te vervoer.

Molefe het gaste by die byeenkoms in Sandton ingelig dat die algehele vervoer van landbouprodukte, soos suikerriet, in Suid-Afrika verwag word om van die huidige 86 miljoen ton per jaar, te groei tot 110,5 miljoen ton per jaar in 2021, en 182,4 miljoen ton in 2041. Volgens Molefe gaan Transnet die kapasiteit van sy algemene vragvervoer besigheidsdivisie, waaronder landbouvervoer val, uitbrei van 80 miljoen tot 170 miljoen ton deur die verkryging van die vereiste toerusting en die opgradering van hul spoornetwerk oor die volgende sewe jaar. Dit vorm deel van Transnet se R300 miljoen infrastruktuur investeringsprogram oor die sewe jaar. Molefe het daarop gewys dat die meeste vragvervoer per pad gebeur weens Transnet se tekort aan kapasiteit en die afname in landbou-aangepaste vervoertoerusting.
(Ref: “Junie/Julie Nuusbrief” van SA Institute of Forestry)

Nuusbrokkies

- SAWPA het onlangs aanbiedinge gedoen oor houtverduursaming by ‘n seminaar in Zimbabwe, ‘n lesing gegee by Tshwane Universiteit vir Tegnologie asook by ‘n Meesterbouervereniging-werkswinkel in KZN. Ons sal aanhou om sulke geleenthede te vind waar ons kan deelneem aan die bevordering van en om kennis oor houtverduursaming aan ‘n breër gehoor deur te gee. Laat weet ons as julle kennis dra van sulke geleenthede.

- WoodEX for Africa-skou sal weer in 2013 plaasvind en word beplan vir 21 tot 23 Maart 2013. SAWPA gaan weer daar wees om ons lede te verteenwoordig en om houtverduursaming te bevorder. Indien u sou belangstel om deel te wees van die skou kan u vir stephan@woodexforafrica.com of philip@woodexforafrica.com kontak.

- Die veilingbylaag in die Beeld van Vrydag 7 September het ‘n artikel in gehad van ‘n veiling geskeduleer vir die 20ste September. Die veiling behels ‘n 2 012 hektaar bosbou-plaas buite Nelspruit, geleë op die R37 Sudwala pad. Die plaas sluit 1 244 hektaar eucalyptus plantasies in van 2 to 7 jaar oud, ‘n CCA behandelings aanleg, ens. Vir meer inligting kan u Van’s Afslaers kontak by 086 111 8267 of gaan na www.vansauctions.co.za

- SAWPA wil graag ‘n databasis van omgewingsspesialiste en -konsultante opstel. Lede word versoek om die kontak besonderhede van sulke persone wat u in u areas gebruik het aan SAWPA deur te stuur na sawpa@global.co.za.

- Vind aangehegte artikel oor “Nanotechnology new frontier in US wood preservation research” wat u dalk interessant mag vind.

- Die lang verwagte 5de weergawe van die “South African Forestry Handbook” is gepubliseer en is amptelik bekendgestel by die SAIF AJV op die 23ste Julie. Vir meer inligting oor die boek kan u die SAIF webtuiste besoek by www.saif.co.za

- Besoek aan die SAWPA webtuiste gedurende die maande Mei, Junie en Julie was onderskeidelik 45880, 32370 and 35705.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 of 011 392 1995 Webtuiste: www.sawpa.org.za of www.sawpa.co.za, epos: sawpa@global.co.za